DRIE BERGE KARAVAANPARK

Pryse: 8 Aug. '24 – 31 May '25

TEL: 083 608 3409. Epos: drieberge@lantic.net. **INTERNET WEBTUISTE:** www.driebergekaravaanpark.co.za

KANTOOR URE: Open: 8:00. Sluitings tye: Ma – Do: 13:00. Vr: 18:00. Sa: 18:00. So: 15:00. Vakansie dae: 18:00

GPS: Sleutel straatkruising in: Hendrik Verwoerd en Van Deventer str., Brits (Madibeng). Volg Van Deventer straat in Noordelike rigting vir 7Km, ons naambord is op linkerkant. GPS afdraai op teerpad: -25,56993° Suid, 27,77187° Oos.

Kom ontspan in die Bosveld tussen die berge, luister na die roep van voëls en Visarend, die gekabbel van die Krokodilrivier of geniet die stille Bosveld. Ons het drie swembaddens (1 verhit onderdak, 1 verhit buite, 1 koud buite). Aktiwiteite in die park soos voëlkyk, boom identifisering en visvang dra by tot 'n ongelooflike Bosveld en rivier ervaring.
Ons het tennis- en "volleyball" bane, tafeltennis, "pool", veerpyltjies, wipmat, swaaie, Rugby paal, rivier visvang, wandel roetes asook op berg, 4x4 roete na kruin van berg, veilige fietsry vir kinders en fietsry baan. Op dam is daar roeibootjies asook 'n lapa vir funksies. Daar is grootskerm televisie op stoep, wassery geriewe asook winkel met kaart fasiliteit. Die staanplekke is meestal ruim met skadu, sommige met gras en sommige langs die rivier. Alle staanplekke het 'n braaier, standaard kragsok en waterkraan. Die park het netjiese gesamentlike ablusies met familie badkamers. Die kampterrein het elektriese omheining en reaksie eenheid.
Ons nie 'n rolstoel-vriendelike park nie.

PRYSE: (Prys tot 4 persone, 1 woonwa / tente en 1 voertuig per staanplek. Maksimum 8 persone per staanplek met ekstra kostes). Babas / kinders word gereken as persone. Naweke / langnaweke: Slegs hele tydperke.
Die park is gesluit tydens winter seisoen, maar besprekings kan telefonies of op ons webtuiste gedoen word.

Naweke buite seisoen: R600/nag. Pensioenaris afslag: R50/nag vir 1 staanplek.
Lang naweke (2024): R750/nag. (Augustus en September)
Skool vakansies (2024):
September: 24 – 29 Sept.: R600/nag. (4 nagte of langer: R550/nag)
Desember: 13 – 31 Des.: R800/nag.
Januarie spesiale aanbod: 1 – 11 Jan. 2025: R600/nag.

Paas langnaweek (2025): R800/nag (17 – 21 April: 4 Nagte blok)
Ander langnaweke (2025): R700/nag (20 – 23 Maart of 25 - 28 April of 1 - 4 Mei. Almal 3 nagte blok)
Spesiale skoolvakansies 28, 29, 30 April 2025: R700/nag (tussen die twee langnaweke)
Skoolvakansie April 2025: R580/nag (28 Maart – 6 April vertrek)

Spesiale aanbiedinge: Kontak ons of sien webtuiste onder "News"

Ekstra persone: R100 per nag (Na eerste 4 persone). Ekstra voertuig: R100 per nag (Na eerste voertuig)
2de woonwa op staanplek betaal dieselfde as vir 'n aparte staanplek.

Aankoms tyd: Vanaf 14H00 indien beset. Vertrek tyd: 13H00

Kansellasie-beleid: Binne 14 dae voor kampdatum verbeur u verlangde deposito.
Ander gevalle: Geld terugbetaalbaar minus 10% hanteerfooi.

MET BESPREKING AANVAAR U OOK ONS REELS EN REGULASIES:
Geen rokery van "Hubbly Bubbly" toegelaat in openbare areas nie.
Geen hounette vir vis, swem, kanoes of vlotte in rivier toegelaat weens gevaar van krokodille.
GEEN FIETSRY EN LOPERY DWARSDEUR ANDER KAMPEERDERS SE STAANPLEK NIE: BETOON RESPEK!!
GEEN honde, katte, motorfietse, musiek, geskreeu, enige geraas of onsosiale gedrag ter enige tyd nie.
Spoed beperking streng 20Km/h. Voertuig moet padwaardig wees.
Geldige rybewys noodsaaklik. Bestuur onder enige invloed verbied.

Oortreding aan enige van bogenoemde gevalle stel U bloot aan uitsetting.